

## VAN STELSELONSTABILITEIT NA STELSELSTABILITEIT - 'N TRANSFORMASIE- PERSPEKTIEF

T Coetzee en DP Wessels<sup>1</sup>

### *Summary*

*In this article a system perspective is given to the process of constitutional state formation towards political independence and state sovereignty of South Africa. It was this politically phrased constitutional design which, despite incremental constitutional adaptations, created considerable system strain in South Africa and undeniably steered the country towards system decay and the threat of anarchy.*

---

### 1. INLEIDING

In hierdie artikel word gepoog om die aard en omvang van stelselstabiliteit en -onstabiliteit in Suid-Afrika gedurende 1948-1993 te ontleed. Die fokus van die artikel val dus op die omskrywing van die klimaat en omstandighede wat bygedra het tot stelselonstabiliteit, asook die skepping van 'n klimaat vir die herstel van stelselstabiliteit in Suid-Afrika. Daar word gedeeltelik en in den brede van die stelsel-analitiese model van David Easton<sup>2</sup> gebruik gemaak om die aard en omvang van stelselonstabiliteit en -stabiliteit te bepaal.

Ten eerste dan 'n kort omskrywing/verduideliking van Easton se model. Hoekom Easton se stelselmodel? Dit is die enigste model wat op 'n inset-uitset-meganisme funksioneer. Daar bestaan nie 'n ander vergelykende model ten einde vergelykend te werk te gaan nie.

**'n Stelsel** is 'n **georganiseerde komplekse geheel** wat bestaan uit 'n aantal interafhanklike en interverbandhoudende dele wat gesamentlik 'n kollektiewe geheel vorm (Heywood 1997:19). 'n "Stelsel" definieer Easton (in Labuschagne 1988:9) as

---

<sup>1</sup> Departement Politieke Wetenskap, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

<sup>2</sup> David Easton (1979,1981) is onder meer bekend vir sy stelselanalitiese model. Daar bestaan in Politieke Wetenskap geen eweknie vir die stelselanalitiese model nie.

"die interaksie tussen 'n stel veranderlikes afgesien van die graad waarin hierdie interaksie plaasvind".

Die stelsel-analitiese model skets nie net die funksionering van die politieke stelsel met betrekking tot inset-omset-uitset en terugkoppeling nie, maar verduidelik ook die rol wat **waardes** in die stelsel speel. Stelsel-analise verwys kortliks na die manier waarop insette (eise) in die stelsel opgeneem en verwerk word en die wyse waarop besluitneming uitgevoer word ten opsigte van sy uitsette (Winter en Bellows 1992:29; Labuschagne 1988:15). Meer omskrywend verduidelik Cord et al. (1985:7): "Decisions makers in government respond to *inputs* in the form of demands of interest groups and the support of citizens who believe in their legitimacy. They formulate *outputs* such as specific laws, general policies and decisions about conflicting interests."

"'n Inset word dan omskryf as enige gebeurtenis buite die stelsel wat die stelsel op enige wyse beïnvloed" (Labuschagne 1988:15). **Insette** in die politieke stelsel bestaan uit **eise**, **steun** en **apatie** vanuit die omgewing oftewel die publiek (Heywood 1997:19; Labuschagne 1988:15; Winter en Bellows 1992:28).

Die wyse waarop belangegroep hulle **eise** na vore bring, is deur middel van openbare meningspeilings, politieke partye (kandidate wat hulleself ten doel stel om aan sekere aspekte aandag te gee), optogte en demonstrasies, petisies en skenkings of briewe (Cord et al. 1985:8; Winter en Bellows 1992:28). Eiseverwante spanning kan ontstaan wanneer daar 'n onvermoë is om aan die eise te voldoen of wanneer die stelsel nie die eise kan hanteer nie. As eise nie bevredig word nie, lei dit tot 'n direkte afname in steun. Eiseverwante spanning kan te wyte wees aan ontoereikendheid van bestaande hulpbronne en om aan stygende behoeftes te voldoen. Die owerheid kan bloot net ontegenoetkomend wees teenoor die eise. Die gevaar lê dus in die uitset-"mislukkings" (Labuschagne 1988:17,18).

**Uitsette** geskied vanaf die politieke stelsel na die omgewing (Labuschagne 1988:15). Uitsette in die politieke stelsel bestaan dus uit **besluite en aksies van die owerheid** (Labuschagne 1988:15,24), insluitende die opstel van beleid, deurvoer van wette, oplegging van belasting en die toewysing van openbare fondse (Heywood 1997:19).

**Terugvoering** dui op die invloed wat uitsette van die politieke stelsel op die toekomstige insette van die politieke stelsel gaan uitoefen (Labuschagne 1988:25). "Die politieke stelsel (met sy onderdele) [(is)] met behulp van inligtingskanale aan sy omgewing verbind om insette te ontvang en as uitsette aan sy omgewing te lewer" (Labuschagne 1988:16). Terugvoering binne die politieke stelsel is dus

sirkulêr van aard met 'n voortdurende wisselwerking tussen die insette, omsette en uitsette (Labuschagne 1988:25). Die gevaar van 'n negatiewe terugvoering lê daarin dat indien die publiek ontevrede is met die owerheid se uitsette, maar laasgenoemde geen aanpassing maak om sy beleid te verander nie, kan die stelsel deur 'n rewolusie of burgeroorlog afgebreek word (Cord et al. 1985:8).

Dit is die **waardes** (oordele van kwaliteit, goed en sleg, wenslikheid en onwenslikheid) (Joubert 1995:167) onderliggend aan die stelsel wat stelselstabiliteit en -onstabiliteit teweeg bring. Indien **waardekonsensus** bestaan, met ander woorde waardes ooreenstem wat betref insette en uitsette tot die stelsel, kan die **stelsel stabiel** wees of stabiliteit teweeg bring. Indien **waardeverskille** bestaan, met ander woorde waardes **nie** ooreenstem met betrekking tot insette en uitsette nie, kan die stelsel **onstabiel** raak en selfs tot stelselverval aanleiding gee.

**Stelselstabiliteit** beteken eerstens dat geen stelsel stelselprogressie en stelselstabiliteit kan waarborg indien daar nie 'n onderliggende **waardestelsel**<sup>3</sup> in die funksionering van die stelsel aanwesig is nie. 'n Waardestelsel is van belang wanneer daar breë instemming rondom bepaalde waardes onder die gemeenskap bestaan. 'n Waardestelsel kan uit die gemeenskap self kom (a-polities gedefinieer), of uit politieke partye of uit gemeenskapsinstellings wat waardes vir die gemeenskap neerlê. Die gemeenskap evalueer en oorweeg hierdie waardes waarop die stelsels gevolglik funksioneer of kontinueer. 'n Waardestelsel het 'n algemeen-instemmende karakter wanneer die oorgrote meerderheid spesifieke waardes onderskryf.

**Stelselonstabiliteit** dui op 'n toestand wanneer insette in 'n stelsel gelewer word wat nie ooreenstem met die gemeenskapswaardes nie, omdat die uitset binne die stelsel anders sal wees en nie ooreenstem met die waardestelsels wat geld nie. Daar is dus botsende waardes en die stelsel verkeer onder spanning met die moontlikheid van stelselverval. Wanneer botsende verskille met betrekking tot waardes binne 'n stelsel nie geabsorbeer word nie, met ander woorde insette wat nie ooreenstem met die uitsette in die stelsel nie, kan die uitset nie ooreenkomstig die waarde-eis(e) gelewer word nie. Hierdie teenstrydigheid skep spanning in die stelsel en tot sy uiterste gevoer kan dit tot stelselverval en selfs stelselvernietiging lei.

In die lig van bogenoemde aannames kan die aard en omvang van stelselonstabiliteit in Suid-Afrika tydens die apartheid-era (1948-1988) juis aan die aanwesigheid van botsende gemeenskapswaardestelsels toegeskryf word. Dit was 'n

<sup>3</sup> Daar is drie waardestelsels geïdentifiseer, naamlik 'n liberaal-demokratiese waardestelsel op die politiek-staatkundige terrein, 'n vryemarkstelsel op die ekonomiese terrein en 'n sosiaal-kulturele stelsel van nie-diskriminasie, nie-rassisme, en nie-seksisme.

samelewing wat verdeeld was in hul onderskeie ervaring/belewing van die regime-politiek; vir sommige was dit demokraties, vir ander outoritêr.

## 2. STAATBOU EN KONSTITUSIONELE ONTWIKKELING IN SUID-AFRIKA

Hoewel Suid-Afrika se politieke geskiedenis met die koms van Jan van Riebeeck (1652) en die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) aan die Kaap begin het, is dit die **Britse besetting van die Kaap** in 1795 en die tweede besetting in 1806 (Venter 1989(a):26) wat 'n verandering in die patroon van toekomstige staatskepping en staatsbou weg van die Nederlandse republikeins-demokratiese staatsopvatting ingelei het (Wessels 1996:74).

Die totstandkoming van die twee Boererepublieke, naamlik die Zuid-Afrikaanse Republiek (Transvaal) en die Oranje-Vrijstaat (Venter 1989(a):33), was die eerste manifestasies van 'n voltrekte proses van staatsvorming in Suid-Afrika. Die idee van vryheid en gelykheid het baie diep wortel geskiet in die staatskarakter van die twee republieke (Wessels 1996:82-3). Die twee republieke is getipeer as "conservative, Calvinist, Christian, Afrikaner states" en het die ideale van 'n oorheersende Afrikanerklas weerspieël (Venter 1989(a):36). Die beginsel dat geen gelykstelling<sup>4</sup> tussen blank en gekleurd mag plaasvind nie, het 'n soort voogdyskap oor die nie-blanke gelaat wat later vergestalt sou word in die idees van segregasie, en die latere apartheidsbeleid (Coetzee 1976:5). Die saadjie vir stelselonstabiliteit is waarskynlik reeds hier gelê.

Na die Anglo-Boereoorlog van 1899 tot 1902, het Brittanje politieke beheer oor die hele Suid-Afrika uitgeoefen. Daar het in die eerste helfte van die tweede dekade van die twintigste eeu 'n sterk beweging na unifikasie van die Kaapkolonie, Oranjerivierkolonie, Natal en Transvaal ontstaan. Die vernaamste redes vir hierdie unifikasietendens was ekonomies en militêr van aard, aangesien dit vier streeksekonomieë sou verenig (Venter 1989(a):37). Die noodsaaklikheid van 'n **groter staatkundige eenheid** het aanleiding gegee tot die Nasionale Konvensie van 1908-1909. Die aanvaarding van die *Zuid-Afrika Wet van 1909* deur die Britse parlement, het gelei tot die totstandkoming van die **Unie van Suid-Afrika** op 31 Mei 1910 (Wessels 1996:83).

---

<sup>4</sup> In al twee republieke was swart mense uitgesluit van die politieke struktuur en aktiwiteit (Venter 1989(a):36). Verder is daar vanuit die republieke, sowel as die Kaapkolonie en Natal, geen pogings aangewend om die "Natuurlevraagstuk" as geheel op nasionale skaal aan te pak nie (Rhoadie en Venter 1959:13).

Daar is aanvaar dat die beskawingspeil van nie-blanke groepe so ver agter die blanke s'n was, dat dit geen politieke of ekonomiese bedreiging van oorname ingehou het nie (Coetzee 1976:9). Daar is ook geglo dat die nie-blankes geleidelik sosiaal, ekonomies en polities sou ontwikkel en daar was geen werklike "voorsiening gemaak vir die dag wanneer die nie-blanke meerderheid met die eis van politieke medeseggenkap, wat praktiese politieke dominasie moes beteken, sou kom nie" (Coetzee 1976:9). Hierdie opvattinge was 'n resep vir latere stelsel-onstabiliteit.

Die Unie wat in 1910 tot stand gekom het, was **nie 'n volkome soewereine staat nie** omdat die staat in die uitoefening van wetgewende, uitvoerende en regsprekende bevoegdhede ondergeskik aan die Britse parlementêre gesag gestaan het (Pienaar 1981:86).

Twee opeenvolgende gebeurtenisse, nl. die **Rykskonferensie** van 1926 en die **Balfourverklaring** waarin die Britse dominiums omskryf is as "outonome gemeenskappe binne die Britse Ryk, gelyk in status en op geen wyse die een ondergeskik aan die ander in enige aspek van hul huishoudelike of buitelandse aangeleenthede nie, hoewel verenig deur 'n gemeenskaplike trou aan die kroon en vryelik geassosieer as lede van die Britse Statebond" (Wessels 1996:84), het 'n volgende fase van staatsbou ingelei. "Die Balfour-verklaring het eers wetlike status verkry toe die Britse parlement in 1931 die Statuut van Westminster aangeneem het" (Kruger 1965(d):518). Dit het beteken dat daar erkenning gegee is aan die **oppergesag of soewereine status van die Suid-Afrikaanse parlement as wetgewende gesag** (Pienaar 1981:94). In **1934 was die Unie van Suid-Afrika selfregerend en onafhanklik** binne die Britse Statebond met die reg om sonder enige inmenging buitelandse beleid daar te stel, diplomatieke betrekkinge aan te knoop en om lid te wees van internasionale organisasies (Venter 1989(a):39).

Die volgende stap in die staatsbouproses was die strewe na 'n **republiek**. Adv. JG Strijdom, 'n sterk onderskrywer van die **republikeinse ideaal**, het die grondwetlike pad na republiekwording voorberei (Van der Watt 1990:13). Dr. HF Verwoerd (1958-1966) het, volgens Van der Watt (1990:14), "eintlik die seël [ge-]druk op sy voorgangers se ideale - republiekwording en 'n unieke poging om afsonderlike ontwikkeling te laat slaag". Van der Watt (1990:14) gaan voort: "Dr. Verwoerd was verantwoordelik vir een van die grootste grondwetlike veranderings (republiekwording) wat Suid-Afrika nog ondergaan het." Die Unie van Suid-Afrika het op 31 Mei 1961 'n republiek buite die Britse Statebond geword en dit het beslag gegee aan republikanisme of 'n republikeinse staatsvorm (Wessels 1996:86). "In die staatsbouproses is die staatkundige ontvoogdingsproses met republiekwording voltooi" (Wessels 1996:87).

Institusioneel het die Republikeinse Grondwet, Wet 32 van 1960, weinig fundamentele veranderinge aan die regeringstelsel van 1909 teweeg gebring (Wessels 1996:86). Daar is egter besluit dat die staatshoof en regeringshoof in twee persone gesetel sou wees. Die **president** het die simboliese taak van die vereniging van die volk gehad, wat dit genoodsaak het dat hy buite die praktiese politiek sou staan (Verwoerd 1960:7-8). Die staatshoof het op advies van die **Uitvoerende Raad** van agtien lede gehandel (Venter 1989(a):42).

Die voorafgaande bespreking van die staatbou en konstitusionele ontwikkelingsproses in Suid-Afrika moet teen die agtergrond van geïnstitutionaliseerde stelselonstabiliteit gesien word. Die grondwet van die Unie asook die republikeinse grondwet het geensins struktureel en institusioneel voorsiening gemaak vir die **politieke eise** van verteenwoordiging of stemreg vir ander bevolkingsgroepe naas die van die blanke nie. Hierdie eksklusiewe (uitsluitende) politieke model het onmiskenbaar die tafel gedek vir toekomstige stelselonstabiliteit weens die onversoerbare stelseise (segregasie en integrasie) wat teenoor mekaar in 'n inset-uitsetverhouding opgestel is.

### 3. APARTHEID, AFSONDERLIKE EN VEELVOLKIGE ONTWIKKELING

Die "inboorling-" en Indiërvraagstukke het in die tydperk 1943-1948 al hoe groter geword (Kruger 1961:217) en die apartheidsgedagte het 'n geïnstitutionaliseerde (staatkundige) werklikheid vir veral die Afrikaner geword (Rhoodie en Venter 1959:16). Vir dr. DF Malan van die Nasionale Party (NP) was die motief en dryfveer agter apartheid dat dit politieke en maatskaplike afsonderlikheid vir die blanke, bruin, Indiër en swart bevolkingsgroepe moes bewerkstellig (Van der Watt 1990:11). Die antwoord het vir hom gelê in 'n volledige en blywende skeiding tussen wit en swart (Rhoodie en Venter 1959:22-3) op politieke, sosiale en ekonomiese terreine. Hierdie gebiedskeiding tussen wit en swart was reeds deur die **Naturellen Grond Wet, Wet 27 van 1913**, en die **Bantoe Trust en Grond Wet, Wet 18 van 1936** vasgelê. Met die verandering van regering in 1948 het 'n nuwe benadering van afsonderlike staatskepping op 'n volksetniese basis tot stand gekom (Wessels 1996:87).

In 1956 het die **Tomlinson-kommissie** die ontwikkeling van 'n sewetal Bantoe-tuislande aanbeveel (Kruger 1965(f):587). Dit het ook die ekonomiese grondslag van **afsonderlike ontwikkeling** gelê (Du Pisani 1989:26). Afsonderlike ontwikkeling het, ooreenkomstig die beginsel van selfbeskikkingsreg, die ontwikkeling van die swart tuislande tot soewerein onafhanklike state ten doel gehad (Wessels 1978:512). "Die *Bevolkingsregistrasiewet, Wet 30 van 1950*, het met sy kategoriese

indeling van die Suid-Afrikaanse samelewing in rasse en etniese groepe aan afsonderlike ontwikkeling as 'n politieke stelsel beslag gegee ... die sogenaamde tuislandbeleid" (Wessels 1996:87).

Die **Erika Theron-kommissie** het in 1976 die opdrag ontvang om onder meer ondersoek in te stel na die staatkundige aangeleenthede van die bruin bevolking (Wessels 1978:627). Een van die belangrikste bevindinge van die Theron-kommissie was dat die Westminster-stelsel in die Suid-Afrikaanse politieke opset uitgedien was (Müller 1993:7) en dat die stelsel nie noodwendig slaafs in die Republiek van Suid-Afrika nagevolg hoef te word nie. Dit het die moontlikheid geskep vir organisatoriese en statutêre aanpassings (Wessels 1978:636). Op grond van die bevindinge van die verslag moes 'n beter grondwetlike bedeling vir blankes, bruines en Asiërs in Suid-Afrika gevind word (Hauptfleisch 1986:209). In die aanbevelings van die kabinetskomitee<sup>5</sup> het die **selfbeskikkingsgedagte** steeds sentraal gestaan. Elke bevolkingsgroep het die reg tot 'n eie parlement gehad (Hauptfleisch 1986:214). Onderliggend aan die gedagte van 'n Raad van Kabinette was die wese van magsdevolusie of magsdeling (Wessels 1978:683-4). Bogenoemde gedagte was deel van die **1977 grondwetplan**<sup>6</sup> wat nooit in die praktyk gerealiseer het nie (Hauptfleisch 1986:209).

Met die grondwetvoorstelle van 1977 het adv. Vorster hom vereenselwig met die wese van 'n **plurale samelewing** in Suid-Afrika, waaruit die plurale politieke filosofie<sup>7</sup> as oplossing vir toenemende eisverwante stelselinstabiliteit na vore sou moes/kon tree (Hauptfleisch 1986:211). Du Pisani (1989:53) beweer dat dit as gevolg van die plurale bevolkingskarakter van Suid-Afrika was dat die 1977-grondwetvoorstelle ter tafel gelê is.

Die antwoord op veelvuldige/plurale akkommodasie sien die lig via die **Schlebusch-kommissie**<sup>8</sup> se grondwetplan van 1979. In wese het die 1979-grondwetplan voorsiening gemaak vir 'n statutêre prestige-liggaam van vakkundiges, die Presidentsraad, wat die Raad van Kabinette en die staatspresident sou adviseer (Wessels 1978:688). Die besluite van die Raad van Kabinette het berus op die

<sup>5</sup> Onder leiding van adv. BJ Vorster het die Kabinetskomitee, met mnr. PW Botha as voorsitter, die taak gehad om 'n nuwe staatkundige regsorde vir die blankes, bruines en Indiërs te ondersoek.

<sup>6</sup> Die Kabinetskomitee se aanbevelings is in die grondwetvoorstelle van 1977 van die regering vervat (Van der Watt 1990:16).

<sup>7</sup> "Die idee (en praktyk) van 'n eenheidsstaat met sy grondwetlike konsentrasie van mag in 'n sentrale gesagsinstelling ... is nie 'n ontwerp wat effektief die problematiek van 'n plurale samelewing aanspreek nie, dit wil sê 'n samelewing wat gekenmerk word deur hoë spanning as gevolg van die aanwesigheid van skerp en diep verdelingslyne wat oor ras, etnisiteit, religie en ideologie heensny" (Wessels 1992:198).

<sup>8</sup> 'n Nuwe Grondwetplan met geringe wysigings is weer in 1979 aan die Volksraad voorgehou en die Schlebusch-kommissie het voorstelle vir 'n nuwe grondwetlike bedeling vir Suid-Afrika ondersoek (Müller 1993:44).

beginsel van konsensus (Wessels 1978:685). Wessels (1978:686) verduidelik soos volg: "Die Raad van Kabinette in die konsepplan se funksie setel daarin om te handel as 'n instrument van gesamentlike besluitneming ten opsigte van die wetgewende en uitvoerende gesag oor sake van gemeenskaplike belang." Die Raad van Kabinette sou dus die regering van die land wees en aangeleenthede van algemene belange soos buitelandse beleid, fiskale en ekonomiese beleid hanteer. Dié raad sou beskik oor uitvoerende gesag, maar het geen wetgewende bevoegdhede gehad nie (Wessels 1978:686).

Kritiek teen die Presidentsraad was veral dat dit nie verteenwoordigend van die Suid-Afrikaanse bevolking was nie weens die uitsluiting van swartes (Müller 1993:48). Hierdie kortsigtige besluit van statutêre veelvolkige akkommodasie het niks bygedra tot stelselstabiliteit nie. Dit het intendeel die kurwe van stelselstres sterk opwaarts gedwing. Dit was duidelik dat die NP nie bereid was om swartes enigsins deel te maak van 'n geïntegreerde vorm van politieke akkommodasie nie. Hierdie voorstel is op 'n aggressiewe wyse veroordeel en verwerp deur die nasionalistiese swart leierskapkader binne en buite Suid-Afrika.

Die **grondwetlike voorstelle van 1982**<sup>9</sup> was geskoei op die beginsels van die 1977 grondwetplan (Hauptfleisch 1986:216), met die grootste verskil, aldus Wilkins (1982:1), dat 1977 se voorstelle voorsiening gemaak het vir drie aparte parlemente vir blankes, bruines en Indiërs, terwyl 1982 se grondwetlike voorstelle voorsiening gemaak het vir 'n Driekamer-parlement, waar besluitneming op grond van konsensus geneem sou word, gerugsteun deur die beginsel van veelrassige komitees (Battersby 1982(a):2).

Die voorstelle soos vervat in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 110 van 1983, het berus op 'n unieke hantering van die Suid-Afrikaanse bevolkingskarakter binne 'n driekamer-parlement bestaande uit drie huise, die Volksraad (vir blankes), Huis van Verteenwoordigers (vir bruines) en Raad van Afgevaardigdes (vir Indiërs) (Venter 1989(b):47).

Deur hierdie voorstelle is 'n nuwe akkommoderingsformule na vore gebring, gerig deur die beginsels van eie en algemene sake. **Eie sake** is in die grondwet omskryf as alle aangeleenthede van bevolkingsgroepe wat betrekking het op die behoud van identiteit en die handhawing van lewenswyses, kultuur, tradisies en gebruike. (Vergelyk Deel IV en Bylae 1, Deel IV:62-6 van die 1983-Grondwet). **Algemene sake** was alle aangeleenthede wat nie ingevolge artikel 14 eie sake was nie (Marais

<sup>9</sup> Na vele mislukte pogings in die daarstel van nuwe grondwetlike strukture, insluitende die Raad van Kabinette, was die grondwetlike voorstelle van 1982 'n laaste poging om 'n nuwe politieke struktuur daar te stel.



1993:258). Wetgewing oor algemene sake of sake van gemeenskaplike belang moes afsonderlik deur die drie kamers goedgekeur word (Hauptfleisch 1986:218). Daar was nie 'n huis vir die swart bevolkingsgroep nie (hulle was aan die tuislandbeleid gekoppel) en gevolglik is sake wat hierdie groep geraak het deur die (blanke) Volksraad as algemene sake hanteer.

Die **kabinet** het bestaan uit die staatspresident, ministers van staatsdepartemente, asook enige lid van die Ministersraad<sup>10</sup> (artikel **20(a)(b)(c)(d)**, **21**, Venter 1989(b): 57-8). Wanneer daar konflik tussen die drie kamers ontstaan het en die president dit nie kon oplos nie, is dit na die **Presidentsraad** verwys (Hauptfleisch 1986:217). Die Presidentsraad het die regering oor sake van nasionale belang geadviseer (Venter 1989(b):54). Artikel **68(1)** het die **regspreekende gesag** van die Republiek in die hande van die Hooggeregshof geplaas. Ander owerheidstrukture het ingesluit: die provinsiale owerhede, swart tuislandowerhede, streeksdiensterade en munisipale en plaaslike owerheidstrukture (Venter 1989(c):99, 103-6).

Volgens Wessels (1996:92) was die belangrikste kenmerk van die Grondwet van 1983 dat dit *meer* inklusief, maar nie *omvattend inklusief* van aard was nie. Die oogmerk van die 1983-Grondwet was die daarstel van 'n demokratiese bedeling waarin elkeen in groepsverband doeltreffende seggenskap in besluitneming kon bekom.

Die nuwe grondwetlike struktuur is gekritiseer op grond van die oorheersende posisie van die blanke Volksraad teenoor die posisie van die Huis van Verteenwoordigers en Raad van Afgevaardigdes (Wessels 1996:92); die uitsluiting van swartes uit die parlement (Battersby 1982(b):1); die gefragmenteerdheid van die Driekamerparlement omdat elke huis op **ei** sake gefokus het (Marais 1993:260); en die feit dat die totale burgerlike gemeenskap (die swartes uitgesluit) nie institusioneel binne die Driekamerbedeling geakkommodeer is nie. Dit was waarskynlik 'n laaste poging om binne die raamwerk van die apartheidsparadigma 'n veelvokige akkommoderingsformule te vind; en waarskynlik die laaste strooi vir die swart en ander anderskleurige gemeenskappe. Hierna sou hulle poog om die internasionale gemeenskap daarvan te oortuig dat 'n geïntegreerde demokratiese bedeling alleenlik moontlik sou wees deur die gewelddigsopsie tot sy logiese konsekwensie te voer - deur die land onregeerbaar te maak (anargisme).

---

<sup>10</sup> Die Ministersrade het bestaan uit ministers van staatsdepartemente wat eie sake van die betrokke bevolkingsgroep geadministreer het (Artikel **21**).

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 110 van 1983 was, soos hierbo aangedui, die laaste poging om binne die raamwerk van 'n eenheidstaat die pluraliteit of verskeidenheid van rasse op 'n politieke en staatkundige wyse afsonderlik van mekaar te probeer akkommodeer. Die Driekamerparlement het ver te kort geskied in die skepping van 'n volledige demokrasie en kon gevolglik nie as die eindpunt van grondwetlike ontwikkeling gesien word nie (Wessels 1996:92,93). Hiermee is dan ook 'n era van ongekende stelselspanning op sosio-politieke terrein in Suid-Afrika ingelei. Verreken binne die konteks van die stelselanalitiese model het die apartheidsbeleid van meet af aan 'n inset-uitset-spanningselement in die politieke stelsel ingedra en kon geen strukturele aanpassing van die apartheidsbeleid die groeiende spanning in die stelsel absorbeer nie. Gevoer tot breekpunt is die spanning in die stelsel ontlont met die aanvaarding van die Oorgangsgrondwet, Wet 200 van 1993.

#### 4. DIE POLITIEKE KLIMAAT IN SUID-AFRIKA VANAF 1989

Uit die voorafgaande historiese agtergrondskeets behoort dit duidelik te wees dat die bewindhebbers van die tyd slegs bereid was om die eis van transformasie en demokratisering inkrementeel binne die apartheidsparadigma van ideologiese minderheidsoorheersing aan te pak. So byvoorbeeld, het die 1983-Grondwet die beginsel van magdeling ingeskryf, maar daar is nie in absolute sin weggebreek van die segregeringsbeginsel nie. Konstitusioneel is daar nie in die 1983-Grondwet voorsiening gemaak vir die sogenaamde "stedelike swartes" se politieke aspirasies nie. Die eis van rewolusionêre verandering het veral sterk onder dié groep na vore getree en het saam met die toenemende ekonomiese en diplomatieke isolasie van die Republiek 'n ongekende rewolusionêre klimaat in die politieke stelsel "ingedra" wat nie deur die stelsel geabsorbeer kon word nie. In die stelsel-analitiese idioom het die gaping tussen die inset- (eis van verandering) en die uitsetwaardes (status quo-politiek) al hoe groter geword met stelselverval en stelselinstorting 'n logiese voorspelbare gevolg. Die mikpunt sou wees om stelselinstorting deur stelselmatige stelselverval (die gevolg van omvattende sanksie-maatreëls en berekende dade van terreur waardeur stelselstres opgebou word) te bewerkstellig. Dit was vanaf die middel-tagtigerjare duidelik dat die politieke stelsel nie binne die apartheidsparadigma stabiliteit sou kon bekom nie, gevolglik was **stelsel-onstablieit** en moontlike stelselvernietiging aan die orde van die dag.

Naas die rewolusionêre transformeringseise, was daar ook ander **interne en eksterne faktore of kragte** aanwesig wat die transformeringseise verhoog het. **Eksterne faktore of kragte** soos deur Van Zyl Slabbert (1991:8-10) geïdentifiseer, sluit onder meer die volgende in: 'n **verandering in die verhouding** tussen die VSA en Sowjet-Unie, waar daar gepoog is om deur vreedsame onderhandelings

oplossings vir konflik tevind; 'n **afname in Suid-Afrika se goudproduksie** (van 60% na 40%) en die daling in die goudprys wat daaraan toegeskryf is dat goud goedkoper in Kanada en die VSA geproduseer kon word. Verder is **Afrika** aan sy eie inisiatief vir ontwikkeling en vooruitgang oorgelaat en was dit nie meer 'n fokus van geo-politieke belang nie. Die gebeure in die USSR en Oos-Europa het die sg. **kommunistiese bedreiging** laat vervaag. Laastens kan die invloed van **internasionale sanksies** op Suid-Afrika nie uit die oog verloor word nie. Die omvang en die intensiteit van die reaksie van die internasionale gemeenskap teen die apartheidstelsel het volgens Wessels (1992:194) geen gelyke in die moderne geskiedenis gehad nie.

**Interne faktore** (Van Zyl Slabbert 1991:4-5) sluit onder meer in: 'n **ongebalanseerde bevolkingsgroei** wat gekenmerk is deur 'n toename in die swart demografiese getalle teenoor 'n afname in blanke getalle, terwyl min werksgeleenthede swart mense na die **stede** gedwing het in die hoop op 'n beter lewe (Coetzee 1995:16). Die gevolg hiervan was dat "squatting became one of the most massive and largely unintended acts of civil disobedience and passive resistance in South Africa" (Van Zyl Slabbert 1991:4-5).

Van Zyl Slabbert (1991:11) dui ook verder aan dat die wisselwerking tussen bogenoemde interne en eksterne faktore 'n bepaalde invloed op die onstabiele politieke klimaat gehad het. Die eis om te demokratiseer deur te transformeer het 'n kritieke hoogtepunt bereik.

## 5. TRANSFORMASIE EN DIE ONDERHANDELINGSPROSES

Sonder om in die besonderhede van die voorafonderhandelinge tussen die regering en veral die ANC te verval, is die tafel vir totale transformasie van die politieke orde in Suid-Afrika "gedek" deur mnr. FW de Klerk se belangwekkende **toespraak op 2 Februarie 1990** in die parlement. Hierdie toespraak het die volgende belangrike aspekte ingesluit: die **beëindiging van geweld** en die aanbreek van 'n **tydperk van heropbou en versoening**.

Mnr. De Klerk het die klem laat val op die belangrikheid van inklusiewe onderhandelinge en vreedsame verandering (Giliomee 1995:85). Van Zyl Slabbert (1991:3) sê dan ook: "De Klerk inherited a situation of deadlock in which maintaining an inconclusive cycle of repression, reform, reaction, revolt, and repression was the one option, or breaking out of it the other. De Klerk chose to break out of it."

Hierdie nuwe benadering tot oplossings het die weg gebaan vir 'n ernstige onderhandelingsproses (De Villiers 1994:xiii). Verskeie **fases van onderhandeling** is deurloop. In die vooronderhandelingsfase is die **Harare-deklarasie** beskou as die eerste beroep van die ANC op die NP-regering om deur onderhandeling 'n einde aan apartheid te maak. **Die Grootte Schuur-minuut** wat in Kaapstad op 2-4 Mei 1990 plaasgevind het, was die eerste formele ontmoeting tussen verteenwoordigers van die regering en die ANC. Die doel van hierdie ontmoeting was die verwydering van struikelblokke wat in die weg gestaan het van vreedsame onderhandeling vir die skryf van 'n nuwe grondwet (Hough en Du Plessis 1994:6-7). **Die Pretoria-minuut** het 'n tweede rondte samesprekings tussen die regering en die ANC in Pretoria op 6 Augustus 1990 ingelui. Hierdie samesprekings kan gesien word as die werklike begin van onderhandeling in Suid-Afrika "since it paved the way for and raised expectations of full-scale negotiation on a new power-sharing constitution" (Hough & Du Plessis 1994:7). Die ondertekening van die **Nasionale Vredes-verdrag** op 14 September 1991 het die moontlikheid van verdere onderhandelings onderstreep (Johnston 1993:4).

Reeds op 8 Januarie 1991 is die beginsel van 'n veelpartykonferensie wat kon lei tot die aanvaarding van 'n nuwe grondwet deur die ANC aanvaar (De Klerk 1991:296). Amptelike onderhandelings het in die vorm van die **Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika** (KODESA) gevolg.

KODESA I het op 20/21 Desember 1991 beslag gekry. Daar was 'n totaal van negentien politieke groeperinge teenwoordig, hoewel die KODESA-onderhandelings deur die ANC en die NP oorheers is. KODESA was volgens Johnston (1993:1) 'n waterskeiding in die Suid-Afrikaanse politiek. Die belangrikste realiteit was dat swart Suid-Afrikaners nie meer uitgesluit was van besluitneming nie. Wessels (1992:210) bevestig hierdie standpunt deur te sê dat KODESA, "as die manifestasie van 'n veelpartykonferensie Suid-Afrika finaal op 'n onomkeerbare pad van ingrypende politieke en sosiale transformasie geplaas het".

Die **doel** van KODESA was dat dié onderhandelingsproses tot 'n demokratiese Suid-Afrika moes lei (Gordhan 1991:17). Dit was nie die doel van KODESA om 'n nuwe grondwet by die eerste ontmoeting te skryf nie, maar soos Sachs (1992:10) en Maphai (1993:225) uitwys, net om voorlopige breë grondwetlike beginsels te identifiseer. Anders gestel was KODESA se funksies om 'n raamwerk van oorgangstrukture daar te stel. KODESA het egter geen wetlike grondslag gehad nie, maar wel 'n legitieme of algemeen-instemmende sanksie (Gordhan 1991:17).

KODESA I ('n onderhandelingsproses om oorgangstrukture daar te stel) is gevolg deur KODESA II (met meganismes soos die oorgangsraad vir die aanvaarding van die nuwe oorgangsgrondwet asook die kieswet), maar ernstige probleme by Werkgroep 2 het onderhandelings op 'n dooie punt laat uitloop (De Lange en Sapa 1992:1). Die werksaamhede van Werkgroep 2 [vergelyk Robertson, Bulbring en Leonard (1991:2) en Cull (1992:8) in hierdie verband] het **algemene konstitusionele beginsels** en 'n **grondwetskrywende proses** behels.

Die rede vir die dooie punt in onderhandeling by Werkgroep 2 was toe te skryf aan die verskille ten opsigte van die persentasie steun in die Nasionale Vergadering wat nodig was om die nuwe grondwet goed te keur, naamlik 'n twee-derde of volstreekte meerderheid van 75% wat deur die Nasionale Party voorgestel is, of 'n gewone meerderheid van 70% wat deur die ANC voorgestel is (De Lange en Sapa 1992:1). Volgens Maphai (1993:230-1) het KODESA II misluk toe Werkgroep 2 nie meer gehou het by die bespreking van breë grondwetlike beginsels nie, maar kwessies van magsverspreiding en magsoordrag wou oplos. Onderhandelinge is gevolglik tussen Junie en September 1992 opgeskort (Hough en Du Plessis 1994:16).

Toenemende binnelandse geweld en internasionale druk op die ANC en NP-regering om voort te gaan met onderhandeling, het gelei tot die "**Record of Understanding**" wat op 26 September 1992 onderteken is (De Klerk 1994:8).

Onderhandeling is verder voortgesit deur die stigting van 'n nuwe Veelparty-onderhandelingsforum [Multiparty Negotiating Forum (MPF)]. Hierdie onderhandeling was spesifiek gerig op die **skryf van 'n oorgangsgrondwet** (Hough en Du Plessis 1994:17).

Na drie jaar van onderhandelinge is 'n oorgangsgrondwet in Desember 1993 gefinaliseer en deur die parlement goedgekeur as die Oorgangsgrondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 200 van 1994. Na die algemene verkiesing in April 1994 is die Oorgangsgrondwet in werking gestel (Rautenbach en Malherbe 1994:2). Die nuutverkose parlement sou as 'n Grondwetskrywende Vergadering optree in die opstel van die finale grondwet (Nelson 1996:25).

Die Oorgangsgrondwet van die Republiek van Suid-Afrika het duidelik uitgespelde waardes en doelwitte neergelê vir transformering. Dit het die politieke raamwerk geskep waarbinne fundamentele veranderings deur die Regering van Nasionale Eenheid aangebring kon word. Veral belangrik was die skep van 'n nuwe politieke, sosiale en ekonomiese orde in Suid-Afrika - 'n samelewing ontdaan van apartheid.

## 6. 'N VERGELYKING TUSSEN DIE 1983-GRONDWET EN DIE 1993-OORGANGSGRONDWET VAN SUID-AFRIKA AS VOOROPGESET-TE STELSELSTABILISERENDE INSTRUMENTE

Dit is vervolgens belangrik om binne die institusioneel-strukturele raamwerk van die Oorganggrondwet 'n waardebeplanning van die stand van stelselprogressie (van onstabiel na stabiel) te maak.

Nelson (1996:27) wys daarop dat die land se kernprobleem, naamlik dié van politieke geweld, toegeskryf kan word aan die strukturele gebreke van die 1983-grondwet. Dit word vervolgens aan die orde gestel.

Die gebrek aan **konstitusionalisme of 'n regstaatorde** was sekerlik een van die belangrikste gebreke van die 1983-Grondwet. Kortliks beteken konstitusionalisme die beperking van owerheidsmag en die handhawing van die beginsel van die "rule of law" (regsoewereiniteit). Die grondwet van 1983 kon nie 'n stabiele regsordeskep nie. In die Oorganggrondwet word juis hierdie beginsel sterk beklemtoon, naamlik: die oppergesag van die grondwet (Artikel 4(1)(2)); die aanvaarding van die beginsel van grondwetlike kontrole (Artikels 39(1), 46(3), 53(3), 57(3), 64(1), 66, 82(1), 77, 79, 84(1), 87, 92(1), 93(1)); die onafhanklikheid van die regbank (Artikel 96); die aanvaarding van die regsoewereiniteitsbeginsel en die erkenning van basiese menseregte en vryhede (hoofstuk 3, artikels 7-35) (Nelson 1996:28,29).

Die gebrek aan beskerming van individuele menseregte (**'n Handves van Menseregte**) in die 1983-grondwet (wat onder meer burgerregte en -vryhede insluit), is in die Oorganggrondwet (hoofstuk 3, artikels 7-35) opgeneem. Die Oorganggrondwet maak spesifiek voorsiening vir maatreëls vir die beskerming van minderheidsregte in onder meer **artikels 3(1), 14, 17, 32, 40(1), 119, 148, 160, 183, 184**.

Verder was daar 'n gebrek aan **demokraties-ondersteunende instellings** in die 1983-grondwet, soos onder meer die afwesigheid van 'n Openbare Beskermer en 'n Menseregtekommissie. Die Oorganggrondwet maak spesifiek hiervoor voorsiening.

Ingevolge die leerstukke van konstitusionalisme en regsoewereiniteit behoort die **regspreekende gesag**, volgens Nelson (1996:31), nie alleen onafhanklik van die wetgewende en uitvoerende gesag te funksioneer nie, maar behoort dit ook kontrole oor hierdie twee vertakkings van die owerheid uit te oefen. Die 1983-Grondwet het nie een van hierdie kenmerke geopenbaar nie. Intendeel, die ondergeskiktheid van die regbank is beklemtoon omdat dit "onderskeidelik die parlement en uitvoerende

gesag gemagtig het om wetgewing aan te neem wat appél na die howe sou uitsluit, en lede van die regbank aan te stel" (Nelson 1996:31). In die Oorgangsgrondwet kon howe aanspraak maak op totale onafhanklikheid (Artikel 96).

Die afwesigheid van **kruiskontroles** (checks and balances) **tussen die wetgewende en uitvoerende gesag** in die 1983-Grondwet was opsigtelik. Die rede hiervoor was geleë in die Westminster-regeringsvorm, magte van die staatspresident en die inisiëringsrol van die kabinet. In die Oorgangsgrondwet is pertinent verwys na dié bevoegdhede van die president (uitvoerende gesag oor die wetgewende gesag) en vele kruiskontroles is tussen die wetgewende en uitvoerende gesag ingebou. Die volgende artikels dien ter illustrasie van die kontroles wat die uitvoerende gesag oor die wetgewende gesag uitgeoefen het: artikel 39(1), 46(3), 53(3), 57(3), 64(1), 66, 82(1). Voorbeelde van kontrolemaatreëls deur die wetgewende gesag oor die uitvoerende gesag sluit in artikels 77, 79, 84(1), 87, 92(1), 93(1) (Nelson 1996:32,33).

Dit spreek dan ook vanself dat die **sukses** van 'n konstitusionele bedeling deur die funksionele doeltreffendheid daarvan bepaal sal word. Nelson (1996: 43) maak melding van sekere **vereistes**:

- **Toepaslikheid**

Die Suid-Afrikaanse Regskommissie (1991:297) sê die volgende hieroor: "'n Grondwet moet 'n spieël van die hele samelewing wees. Dit moet as't ware soos 'n kleed oor die hele land pas, sodat dit elke heuwel en vallei ewe goed bedek." Die Oorgangsgrondwet voldoen in 'n groot mate aan die vereiste van toepaslikheid, aangesien die nodige beskerming aan minderhede en hulle belange verleen word.

- **Effektiwiteit**

"Enige konstitusie wat nie effektiewe regering, dit wil sê die handhawing van wet en orde, moontlik maak nie, is tot mislukking gedoem" (Nelson 1996:43). Die 1983-Grondwet was in sy algemene effektiwiteit uiters gebrekkig. Nelson (1996: 43-4) maak spesifiek melding van 'n professionele veiligheidsmag en opgeleide burokrasie, maar waarsku dat die Oorgangsgrondwet se legitimititeit nie deur alle politieke groeperings aanvaar is nie.

- **Aanpasbaarheid en meganiese doeltreffendheid**

Geen grondwet mag so rigied wees dat dit nie by veranderende omstandighede kan aanpas nie; nogtans behoort geen grondwet so buigsam te wees dat dit vir die

geringste verandering in die openbare mening gewysig hoef te word nie (Nelson 1996:44). Die 1994-Oorgangsgrondwet het juis voorsiening gemaak vir 'n verkose Nasionale Vergadering en Senaat (gesamentlik 'n Grondwetgewende Vergadering) wat binne twee jaar 'n nuwe grondwet moes aanneem met 'n tweederdemeerderheid (Nelson 1996:44).

- **Veelsydigheid**

Aangesien die meeste samelewings heterogeen van aard is, moet gevolglik aan uiteenlopende behoeftes voldoen word. "Ten einde stabiliteit in sulke samelewings te bewerkstellig, moet 'n konstitusionele bedeling alle belange in ag neem" (Nelson 1996:44). Suid-Afrika is geen uitsondering nie en word dan ook as een van die mees heterogene samelewings beskou. Enige grondwet sal gevolglik uiteenlopende konflikterende etniese, ekonomiese, politieke, godsdienstige en kulturele belange in aanmerking moet neem. Die Oorgangsgrondwet het volgens Nelson (1996:45) wel daarin geslaag om in 'n meerdere mate die pluralistiese samelewingskarakter van Suid-Afrika met partikuliere belange te beskerm. Die volgende grondwetlike maatreëls het ter staving hiervan gegeld: artikels: **14, 31, 32, 40, 48, 84, 88, 98, 110, 119, 160, 181, 184** (Nelson 1996:45).

- **Legitimiteit**

Die konstitusionele bedeling moet as wettig en moreel korrek aanvaar word. Die Oorgangsgrondwet kon aanspraak maak op legitimiteit omdat bykans alle belanghebbende partye deel gehad het aan die totstandkoming daarvan<sup>11</sup>; 86% van die kiesers het in die verkiesing van 1994 gestem; die belangrikste politieke partye is in die Regering van Nasionale Eenheid<sup>12</sup> opgeneem en vlakke van politieke verset het afgeneem (Nelson 1996:46,47).

Dit is duidelik dat die Oorgangsgrondwet vraagstukke wat vroeër tot onstabiliteit gelei het aangepak het. Deur hierdie vraagstukke (bv. die vestiging van 'n demokratiese bedeling) te hanteer, het die Oorgangsgrondwet daarin geslaag om 'n gunstige klimaat vir die herstel van stelselonstabiliteit te bewerkstellig. Die Oorgangs-

<sup>11</sup> African National Congress; Bophuthatswana-regering; Ciskei-regering; Demokratiese Party; Dikwankwetla Party; Inkatha Vryheidsparty; Inyandza Nasionale Beweging; Intando Yesizwe Party; Arbeidersparty van Suid-Afrika; Natal/Transvaal Indiër Kongres; Nasionale Party; National People's-party; Solidariteit, Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party, Transkei-regering; United People's Front; Venda-regering; Ximoko Progressiewe Party" (Hough en Du Plessis 1994: 101-4).

<sup>12</sup> Die Suid-Afrikaanse Regering van Nasionale Eenheid was 'n verkose, grondwetlik-gedefinieerde veelpartyregering wat bestaan het uit sewe politieke partye: die African National Congress (252 setels), Nasionale Party (82 setels), Inkatha-vryheidsparty (43 setels), Vryheidsfront (9 setels), Demokratiese Party (7 setels), Pan Africanist Congress (5 setels) en die Afrika Christen-Demokratiese Party (1 setel).



grondwet van 1993 het dus in die lig van bogenoemde aannames wel daarin geslaag om nie net institusioneel-strukturele stelselstabiliteit nie, maak ook groter funksionele stabiliteit te skep.

## 7. SAMEVATTING

In hierdie artikel is daar oorsigtelik gekyk na die staatsbouproses in Suid-Afrika. Opvallend is die invloed van die Westminsterstelsel op die staatspraktyk van Suid-Afrika. Vanaf 1910 was die gedagte van skeiding op grond van ras en kleur deel van die politieke debat in Suid-Afrika. In 1948 is die apartheidsbeleid van die Nasionale Party as oplossing vir die rasseproblematiek aangebied. Die beleid van afsonderlike ontwikkeling het staatkundige en grondwetlike skeiding tussen die hoofbevolkingsgroepe bewerkstellig. Hiermee is dan ook 'n era van ongekende spanning op sosio-politieke terrein in Suid-Afrika ingedra. Verreken binne die konteks van die stelselanalitiese model het die apartheidsbeleid van meet af aan 'n inset-uitset-spanningselement in die politieke stelsel gevestig; en verreken teen die geskiedenis kon geen strukturele aanpassing van die apartheidsbeleid die groeiende spanning in die stelsel absorbeer nie (Coetzee 2001:39).

Die tweede gedeelte van die artikel het lig gewerp op die verloop van die politieke oorgang in Suid-Afrika en die totstandkoming van 'n nuwe grondwetlike bedeling. Die politieke magstryd tussen die NP-regering, wat met dwang en mag regeer het en die rewolusionêre ANC wat Suid-Afrika onregeerbaar wou maak, het aanleiding gegee tot 'n skaakmatsituasie in die laat-tagtigerjare.

Die politieke stelsel soos dit in die laat-tagtigerjare was, was 'n spreekwoordelike voorbeeld van uiterste stelselspanning en -verval. **Interne faktore** wat 'n rol gespeel het in stelselverval, was onder meer 'n ontoereikende ekonomie, sosiale en maatskaplike verval en 'n bevolkingsontploffing met gepaardgaande verstedeliking. **Eksterne faktore** soos byvoorbeeld sanksies, die afname van die goudproduksie in Suid-Afrika, die val van kommunisme en die beëindiging van die Koue Oorlog, het toenemend meegewerk tot versnelde stelselspanning en -verval. Botsende ekonomiese, sosio-kulturele en politieke waardes kon ten opsigte van stelselstabiliteit nie daarin slaag om stelselstabiliteit te bekom nie. Dit was veral op die politieke terrein waar Suid-Afrika 'n nekslag toegedien is. Die Grondwet van 1983 was struktureel te ontoereikend om aan die toenemende eise (nl. 'n legitieme liberale demokrasie) van die politieke omgewing, nasionaal en internasionaal, te voldoen.

Die nuwe orde wat deur onderhandeling tot stand gekom het, het nuwe politieke, sosio-kulturele en ekonomiese **waardes** omvat. Hierdie waardes was onder meer 'n nuwe demokratiese grondwet, algemene stemreg, geen diskriminasie nie, gelykheid

voor die reg, beskerming van individuele menseregte, vryheid van godsdiens, 'n vryemark ekonomie, opheffingsprogramme vir onderwys, gesondheid en behuising en sosiaal aanvaarbare omstandighede vir alle Suid-Afrikaners. Hierdie waardes op politieke, sosio-kulturele en ekonomiese terreine was eise (insette) vanuit die omgewing (intern en ekstern) wat nie meer geïgnoreer kon word nie.

Terugskouend het Suid-Afrika, met die Oorgangsgrondwet as institusionele vertrekpunt, reeds ver op die demokratiseringspad gevorder. Ondanks ongekende golwe van wanadministrasie, korrupsie en kriminaliteit het die politieke stelsel progressief gestabiliseer vanuit sy hoogs onstabiele toestand voor 1990. Stelselwaardes [politie (liberale demokrasie), ekonomies (vryemark) en sosio-kultureel (menswaardigheid)] het die verskille en ongelykhede in die samelewing begin uitkakel en struktuur begin gee aan 'n stel gemeenskapswaardes (of "common values") wat net goed vir die toekoms voorspel en 'n ware demokrasie daarstel.

#### VERWYSINGS

BATTERSBY J 1982(a). Government opts for power-sharing, run by whites. **Rand Daily Mail**, 7 June :2.

BATTERSBY J 1982(b). Slabbert resists pressure in favour of P.W. P.F.P. says no to new Government policy. **Rand Daily Mail**, 16 October :1.

COETZEE JH 1976. Suid-Afrika se volkere-beleid: Waarheen? **Instituut vir Suid-Afrikaanse Politiek**. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Aktualiteitsreeks (5):1-31.

COETZEE T 1995. **Die verrekening van die etnisiteitsfaktor in grondwet-skrywing in Suid-Afrika - 'n politikologiese analise**. Bloemfontein: MA-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

COETZEE T 2001. Staatsvorm, regeringstelsel en stelselstabiliteit in Suid-Afrika - 'n vergelykende stelselanalise. Bloemfontein: Ongepubliseerde Ph.D-proefskrif, Universiteit van die Vrystaat).

CORD RL, MEDEIROS JA, JONES WS en ROSKIN MG (reds.) 1985. **Political science: An introduction**. New Jersey: Prentice-Hall.

CULL P 1992. How Codesa works. **Eastern Province Herald**, 148(108):8, May 7.

- DE KLERK FW 1991. South Africa and apartheid: what has to be done and what needs to be abolished. **Vital speeches of the day**. LVII(10):294-300.
- DE KLERK W 1994. The process of political negotiation: 1990-1993. In: De Villiers B (red.). **Birth of a constitution**. Ndabeni: Juta en Kie. :1-11.
- DE LANGE F en SAPA 1992. No quick fix at Codesa: Delpport. **Citizen**, 1 May :18.
- DE VILLIERS B 1994. Introduction. In: De Villiers B (red.). **Birth of a constitution**. Ndabeni: Juta en Kie. :xiii-xiv.
- DU PISANI JA 1989. **Die ontplooiing van afsonderlike ontwikkeling tydens die B.J. Vorster-era: die tuislandbeleid, 1966-1978**. Bloemfontein: D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- GILIOMEE H 1995. Democratization in South Africa. **Political Science Quarterly** 110(1):83-104. Spring.
- GORDHAN P 1991. Shaping the 'new' South Africa. There'll be a lot at stake at Codesa. **Natal Post**, 17 December :18.
- GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, WET 110 van 1983. Pretoria: Kaap en Transvaal Drukkers.
- HAUPTFLEISCH DB 1986. **Van apartheid tot konsensus-politiek. 'n Politikologiese studie van beleidmaking en beleid-ontplooiing onder die Nasionale Party vanaf 1948 tot 1985**. Bloemfontein: MA-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- HEYWOOD A 1997. **Politics**. London: Macmillan.
- HOUGH M en DU PLESSIS A 1994. Selected documents and commentaries on negotiations and constitutional development in the R.S.A. : 1989-1994. (Ad hoc-publikasie). **Instituut vir Strategiese Studies**. Pretoria: Universiteit van Pretoria (31):1-248. Julie.
- JOHNSTON A 1993. Introduction: South Africa since February 1990. In: Johnston A, Shezi S, en Bradshaw G (reds.) **Constitution-making in the New South Africa**. New York: Leicester University Press. :1-9.

- JOUBERT D 1995. Waardes, norme en standaarde: 'n begripsbepaling. **Tydskrif vir Geesteswetenskappe** 35(3):165-74. September.
- KRUGER DW 1961. **The age of the generals. A short political history of the Union of South Africa, 1910-1948.** Johannesburg: Dagbreek.
- KRUGER DW 1965(d). Die bondgenootskap tussen nasionalisme en arbeid, 1924-1933. In: Kruger DW (red.). **Geskiedenis van Suid-Afrika.** Johannesburg: Nasionale Handelsdrukkery :510-28.
- KRUGER DW 1965(f). Die triomf van nasionalisme en die totstandkoming van die Republiek, 1948-1961. In: Kruger DW (red.). **Geskiedenis van Suid-Afrika.** Johannesburg: Nasionale Handelsdrukkery :560-92.
- LABUSCHAGNE PAH 1988. 'n Stelsel-analitiese evaluering van die statebond as politiek stelsel. Bloemfontein: Ongepubliseerde Ph.D-proefskrif. Universiteit van die Oranje Vrystaat.
- MAPHAI V 1993. Prospects for a democratic South Africa. **International Affairs** 69(2):223-37.
- MARAIS D 1993. **South Africa: constitutional development. A multi-disciplinary approach.** Pretoria: Southern Book Publishers.
- MÜLLER AJG 1993. **Die hervormingsinisiatiewe van die Nasionale Party, 1978 tot 1989, en die redes daarvoor.** Bloemfontein: MA-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- NELSON C 1996. 'n Kritiese beskouing van die RSA se Oorgangsgrondwet. **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis** 21(1):24-49.
- PIENAAR PJ 1981. Staatkundige ontwikkeling vanaf uniewording tot republiekwording. In: Nieuwoudt CF, Olivier GC, en Hough M (reds.). **Die politieke stelsel van Suid-Afrika.** Pretoria: Academica :81-102.
- RAUTENBACH IM en MALHERBE EF 1994. **Wat staan in die grondwet?** Randse Afrikaanse Universiteit: B en D Drukkers.
- RHOODIE NJ en VENTER HJ 1959. **Die apartheidsgedagte. 'n Sosio-historiese uiteensetting van sy ontstaan en ontwikkeling.** Pretoria: Nasionale Handelsdrukkery.

- ROBERTSON M, BULBRING E en LEONARD C 1991. What's being debated and where the different parties' loyalties lie. **Sunday Times**, 2 December :22.
- SACHS A 1992. Notes from Codesa. No blood on the floor, but heavy disagreements. **Mayibuye** 3(4):10, May.
- SUID-AFRIKAANSE REGSKOMMISSIE 1991. **Verslag oor grondwetlike modelle 1**. Pretoria: Staatsdrukker :257-423.
- VAN DER WATT L 1990. Die inisiëringsrol van die Nasionale Party in die Suid-Afrikaanse politiek. C.R. Swartlesing 23. **Acta Varia** 2. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- VAN ZYL SLABBERT F 1991. The basis and challenges of transition in South Africa: A review and a preview. In: Lee R, en Schlemmer L, (reds.). **Transition to democracy. Policy perspectives**. Kaapstad: Oxford University Press :1-13.
- VENTER A 1989(a). Historical overview: The development of modern South African politics. In: Venter A (red.). **South African government and politics. An introduction to its institutions, processes and policies**. Johannesburg: Southern Book Publishers :21-44.
- VENTER A 1989(b). The central government: legislative, executive, judicial and administrative institutions. In: Venter A (red.). **South African government and politics. An introduction to its institutions, processes and policies**. Johannesburg: Southern Book Publishers :45-98.
- VENTER A 1989(c). Subordinate government authorities. In: Venter A (red.), **South African government and politics. An introduction to its institutions, processes and policies**. Johannesburg: Southern Book Publishers :99-121.
- VERWOERD HF 1960. **Die Republiek. Laaste treë daarheen. Toespraak gelewer in die Volksraad, Kaapstad, op 20 Januarie 1960**. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- WESSELS DP 1978. **Politikologiese perspektiewe op Suid-Afrika se intern-staatkundige volkervraagstuk**. Bloemfontein: D.Admin.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

WESSELS DP 1992. Die hervormingsinisiatief en transformasieproses in Suid-Afrika. **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis** 17(1):187-212.

WESSELS DP 1996. Staatbou met besondere verwysing na die fases van staatbou in Suid-Afrika. In: Kriek DJ, Labuschagne P (reds.). **Politieke verandering in Suid-Afrika. Volume 1 Staatboufase**. Pretoria: RGN-Uitgewers :55-109.

WETSONTWERP OP DIE GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA (OORGANGSGRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, WET 200 VAN 1993).

WILKINS I 1982. Lone Nat MP defects. Mixed rule go-ahead. **Sunday Times**, 6 Junie :1.

WINTER HR en BELLOWS TJ 1992. **Conflict and compromise. An introduction to politics**. New York: Harper Collins.